

Skriflesing: Genesis 49:9-21; Mattheus 4:12-25; Mattheus 11:20-30;

Teks: **Genesis 49:21**

Sing: Ps. 33:2,11; Ps. 32:1,2; Ps. 68:6,12; Ps. 74:2,16

Vandag is Naftali se beurt. So kom ons nou by die negende preek uit hierdie reeks. Broeder en suster by Naftali moet ons ook raaksien, soos by al die anders broers, spesifiek sy ma. Dan gaan ons wyer, dit gaan ook om ander mense, sy nageslag, hulle spesifieke stam, daar is hulle eie unieke plek, daar is hulle eiesoortige omstandighede, alles dinge wat ons in hierdie preek nie kan ignoreer nie. En ja, met Naftali se geboorte, het ons weer spanning, spanning wat daar ook was toe sy ouer broers gebore is. Die spanning tussen Lea en Ragel, Jakob se twee vroue, wat wedywer om Jakob se liefde. Dit wil nou-al klink of dit selfs gewoonte sou kon word, dat hulle twee so in spanning met mekaar geleef het. Hoe hartseer is dit vandag nog, as daar tussen mense so iets soos gewoontevormende spanning bestaan.

Steeds het Ragel nie van haar eie kant vir Jakob 'n kind in die lewe kon bring nie. Nog steeds dink sy, dat sy dan maar van die kant van haar slavin, Bilha, kinders by Jakob kon hê. Steeds bly die gevaar van om te wil voorgee dat haar optrede heeltemal met God se wil ooreenstem, terwyl die teendeel waar is. Sy tree teen God se wil op. Hoe gevaarlik is dit om God se wil so na jou eie wil te wil ombuig.

Die eerste slawekind, wat van haar kant, so gebore is, was Dan. Ons het al vantevore na hom gekyk. Lea begin toe dieselfde doen, deur haar slavin Silpa. So is Gad en Aser gebore en weer word Bilha op Ragel se aandrang swanger en Naftali word gebore. Die kind wat soos Dan plek sou kry onder die stamme van Israel, al was hulle slawekinders. Jakob sien hulle as sy kinders, verbondskinders. Hier kom alreeds iets wat Naftali se lewe mooi kon maak, hy is slawekind, 'n slaaf wat juis nie vryheid ken nie, maar Jakob sien hom en sy nageslag uit die hoek van 'n wildsbok, huppelend en vry.

As ons die lewe van Naftali dieper deur die sterwende oë van Jakob inkom, dan is daar nie net Naftali se wildsbok vryheid nie, maar Jakob gee 'n beskrywing wat eintlik mooi is, kunstig mooi – *Naftali is soos 'n wildsbok, so vry, hy wat mooi woorde laat hoor*. Ons noem dit wat Jakob sê, mooi en kunstig, want Naftali en die lewe van sy nageslag, was 'n groot deel mense van die kunste. Kunstenaars, digters, musikante, hulle wat met 'n kwas kan skilder, om tekstuur en vorm en die mooiste van kleure bymekaar te bring, maar hulle is ook mense wat met woorde kan skilder, Jakob praat dat hulle mooi woorde laat hoor, iets van om te dig. Ons sien hulle raak as mense met 'n oog vir die mooi dinge in die lewe, terwyl

hulleself vry wil wees. Soos 'n wildsbok vry wil wees, so wil hulle wees, vry om werklik ook hulle kuns vrylik uit te leef.

Op sigself is daar met hierdie vryheid in Christus niks mee verkeerd nie. Ons moet in ons lewens ook skoonheid wil hê. Mooi musiek, 'n mooi skildery, letterkunde, gedigte wat mooi is, 'n mooi kledingstuk, dit alles is nog altyd iets wat werklik ten volle gewaardeer kan word. Salomo met sy wysheid en rykdom, het in sy tyd vir God 'n tempel laat bou, so groot, so mooi soos daar nog nooit weer was nie. Toe dit kom by die versiering van hierdie tempel, het hy vir Hiram gevra om dit te doen. Hiram se pa was nou wel 'n rou heiden uit Tirus, maar sy ma was 'n weduwee uit die stam van Naftali, wat later met die man uit Tirus getroud is.

Hiram se kunswerke sou kon bydra tot die tempel skoonheid. En die kuns streep sou reeds vroeër hulle geslagte deurkruis. So dikwels soos in die reeks preke reeds gebeur het, is ons weer by dinge wat ons uit die Rigter-tyd opval. Rigters 4, as ons lees van Barak, dan is Barak uit die geslag van Naftali. En hy is bereid om teen Jabin en Sisera te veg, tog met 'n eienaardige voorvereiste. Debora, die profetes, m.a.w. 'n vrou moet met hom saamgaan, dan sal hy gaan. Anders sal hy nie gaan veg nie. En dan kom Rigters 5 met die pragtige lied wat Debora en Barak na hulle oorwinning gesing het en ons kan onthou wat Jakob gesê het van die stam van Naftali, dat hulle mense is, wat mooi woorde laat hoor-Inderdaad 'n mooi lied uit die mond van 'n Naftaliet - Barak.

Saam met die mooi woorde, het hulle ontvang 'n mooi land. Wel, die mees noordelike deel van Israel, van al die stamme was hulle die vërste verwyder van Jerusalem, die tempelstad, die Godstad en tog ontvang hulle 'n mooi deel. In Jesus se tyd op aarde, sal ons in 'n sekere sin kan praat, van hulle ontvang, die Jesus-deel. Ons sal net-nou daarby kom. As Jakob praat van Naftali se mooi liggaamsbou en sy vlugvoetigheid, soos 'n wildsbok, so vry, dan wil van die kommentatore dit ook op hulle land van toepassing maak. So vinnig soos 'n wildsbok kan hardloop, so vinnig groei die gewasse daar in hulle land. Palms, vye, olywe.

Naftali het ontvang saam met die stam Sebulon, 'n vër land, wel 'n mooi land, maar hoe belangrik sou dit word, dit wat Jesaja in sy profesie sê, hoe hy hierdie land profeties aanroer – in Jesaja 8 lees ons van die stamme as die volk wat in duisternis sit, die wat sit in die land en die skaduwee van die dood (Jes.8:23). En die Jesaja 8 profesie is presies waar Mattheus ons by uitbring. Mattheus 4:14-16 en dan veral vers 16 –*die volk wat in duisternis*

*sit het 'n groot lig gesien en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan....*Die saak wat die profesie aanroer, maak melding van die stamme wat in duisternis sit, skaduwee, land van die dood. Daarom moet ons verstaan, Naftali se mense was wel so verbeeldingryk in hulle kunste, hulle het die mooiste van gronde gehad en tog kom Jesaja met die tekening van hulle sit in die donker skaduwee van die dood.

Hoekom? Hoekom hierdie donker tekening? Daar was maar net weer een rede en dit was hulle ondergang. Dit wat werklik die donkerte van doodskaduwee bring. Hulle het die enigste ware God in hulle lewe wou begin uitlaat. Omdat hulle vêr van Jerusalem gebly het en naby Tirus en Sidon was, het hulle ook hul lewens bakens en lewens waardes al nader aan die heidense gewoontes, selfs heidense godsdienste begin skuif. Rigters 1:33 praat van die inwoners van Naftali wat met die ongelowige Kanaäniete, mense van Bet-Semes en Bet-Anat. saamgebly het. Semes en Anat. is die bekendste afgode gewees in daardie tyd en Naftali vind dit heel gemaklik om maar saam met hierdie hoofstroom afgodsdienste hulleself in te wurm.

Hulle begin met hulle kunstalent pragtige gesnyde beelde van hout en klip te maak, tipies hoe die afgode van destyds in beeld vorms gegiet was en so vereer is. Saam met die Kanaäniete begin hulle, hul afgode te dien. Die hele saak van om wêreldgelykvormig te word, is vir hulle op 'n skinkbord aangebied en die tragiese is, hoe maklik vat mense so 'n skinkbord met alles wat daarop is. Vandag nog. Dit verander 'n mens geheel en al. Jou gedagtes, jou gesindheid, jou benadering, dit alles word anders, totaal en al wêreld! Vandag nog is dit belangrik dat ons altyd dinge bymekaar moet kan bring wat bymekaarhoort.

Dadelik het ons as kinders van God deur Naftali twee sake wat bymekaargebring moet kan word, maar o weë, dikwels is dit so moeilik om die twee werklik bymekaar te bring. Hoe bring u ware skoonheid, of dan nou dit wat vir u mooi is, in verband met God se heiligheid. Sien u dit is vir ons as mense baie keer 'n groot probleem, om God se heiligheid te kombineer met wat vir ons mooi is. Met die mooiste van kuns, kan jy jouself van God se heiligheid wil losmaak. Baie mense wil in die kunste van hul lewe vry wees van wat werklik God se heiligheid is.

En tog mag dit nie, al kan dit. Psalm 29 vers 2, bring vir ons die vraag skerp na vore – *Aanbid die Here, in heilige sieraad*. Heilige... sieraad staan langs mekaar, heilig wat te doen het met

God wat heilig is, sieraad, is 'n ou woord en tog 'n mooi woord, wat te doen het met iets wat werklik mooi is. God se heiligheid moet kan word, mooi en kunsryk. En tog is daar 'n groot vraag vir baie mense, wat sou vra, nou wat is nou eintlik mooi in dit wat God se heiligheid is.

Ons het gepraat van hoe mooi Salomo se tempel was, 'n Naftaliet Hiram doen nog die kunswerke. Tog sou in die sentrale deel van die tempel moes wees, 'n altaar. 'n Bloedbelope altaar soos daar in die Ou Testament baie van hulle was. Bloed wat moes vloei, druppende dierebloed, word gesprinkelde tempel bloed, teen die altaar, orals, selfs teen die gordyne van die tempel, moes daar baie keer bloed kom. Dit alles het te doen gehad met God se heiligheid, die feit dat daar versoening moes kom, sonde wat met hierdie bloed bedek moes word. Sou hierdie bloedsaak, wel 'n heilige saak, ooit kon wees, dit wat skoonheid is. Is God se heiligheid werklik ooit met ware skoonheid versoenbaar, dat dit kon word 'n heilige sieraad? Vir ons as mense wil dit dalk lyk, ons kan dit nie versoen nie, dis onversoenbaar.

Laat ons besef ons moet dit kan saamvoeg. Werklike skoonheid moet ons kan voeg by God se ware heiligheid. Dit is die Woord van God wat binne die sfeer van God se heiligheid alle skoonheid raaksien. Dan kry skoonheid ook in sy kunsvorm, 'n nuwe inhoud, dit word 'n innerlike skoonheid. Ja, ons kan dit so sterk stel, dit is 'n skoonheid waarna die heilige God Self na strew. Daarom dat Jesus Christus, die mens was wel nie vol uiterlike skoonheid nie, maar 'n skoonheid wat van binne sou uitstraal. Van buite het Hy gelyk, so gewoon, soos Jesaja 53 sê – *Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag, deur die mense verlaat...*

Wat sê die Nuwe Testament, daar waar dit gaan om die skoonheid wat van binne Jesus sou kom. Dan word alle bordjies verhang, die hele saak van skoonheid word verhang – dit verhang nie maar net-nie, (Jesus is daarvoor aan 'n kruis gehang), maar ons moet selfs daarvolgens verander – innerlik nou alreeds verander – 2 Korinthiërs 3:18 – U en ek *moet al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word...* Romeine 8 sê ook, *dat God ons bestem het, God het ons verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun....*en dit alles, geliefdes, is binne-sake, dit moet binne binne u en my begin, dan sal ons eendag werklik Jesus sien, sien soos Hy is, maar sien alreeds sy heiligheid raak, tesame met sy skoonheid.

Hoeveel woorde het Hy net nie gespreek nie, woorde so vol skoonheid Mattheus 4 lees ons net vóór die bergpreek begin, ja net voor die saligsprekinge, lees ons Matt.4:13 – *En Hy het Nasaret verlaat en gaan woon in Kapernaum aan die see, in die gebied van Sebulon en Naftali* – Besef u wat doen Jakob as hy van Naftali sou sê - *hy wat mooi woorde laat hoor.....* Jakob profeteer van Christus. Christus sou die mooiste woorde wat daar kan wees uit die gebied van Naftali laat kom.

Jesus se eerste preek sou begin in die gebied van Naftali. Dink maar aan die saligsprekinge. Die begin van Jesus se eerste preek, sou gaan oor God se volle heiligheid. Skoonheid van woorde, die heiligheid van wat Jesus doen word ineen gevoeg. God wat nie net sy Woord oor sy Seun laat kom nie, maar sy tempel en die heilige altare van sovele eeue, wat sou lyk, daar kan niks mooi rondom so 'n altaar wees nie, dit is dan net slagting en bloed. Ja, op die altaar-einde kom God se eie Seun, Hy kry 'n plek op so 'n altaar, Hy word Self geslag. Daar is die Lam van God – vol kuns sou Johannes die Doper, dit kon sê – ek is nie eers werd om sy skoenriem los te maak nie. Die Lam kunstig skoon sou ons kon sê, sonder sonde en dan sou skielik ook moes kom – daar is sy bloed, sê die kruis op Golgota. God bring bymekaar in sy Seun, sy Lam,.....in Sy skoonheid, Sy heiligheid,.....in Sy liggaam, sy bloed. Wat kan meer heilig wees, as die bloed van God se eie Seun, en tog wat kon skoner wees, as hierdie Seun se bloed, geen sonde ooit gehad of gedoen nie, daarmee word ons gewas. Ons is skoon gewas, skoonheid wat vir ons moet uitstaan, te midde van God se heiligheid.

Na Mattheus 4 het ons gevolg Mattheus 11. Wat het vêrder in die gebiede van Naftali gebeur – In hierdie gebiede het ook gelê, Kapernaum, Gerasim, Bethsaida, dorpe wat Jesus deurkruis het, soveel mooi woorde wat hulle gehoor het. Tog het hulle die Christus-boodskap verwerp. Jesus sê, vir die goddelose stede, soos Sodom en Gomorra, sal dit op die laaste dag, die eind-oordeel, draagliker wees, as vir hierdie Naftali-stede, hulle wat so dié naaste aan Christus kon kom. Hulle het God se heiligheid verag. Hulle kom met hulle eie kuns, net hulle eie vermoëns, hulle wat kom met hulle skoonheid sonder heiligheid.

Binne enkele dae word daar weer 'n groot kunstefees gevier. Aardklop in Potchefstroom. By so 'n kunstefees sien mens baie keer hoe God se heiligheid deur menslike kuns verdring word. Skoonheid wat nie met heiligheid trou nie. Die humanis is goed daarmee om dit wat kunste lyk te wees van God se heiligheid te wil skei.

Ons moet dit erken geliefdes, humanisme het in die plek van christenskap ingedring. Humanisme wil baie keer christenskap voorgee, maar wees gewaarsku teen 'n christelike gewaad eintlik vol humanistiese bagasie. Humanisme in sy gewaagde vorm, wil heelyd besig wees, met die mens, die vermoëns van die mens, die menslike prestasies. Die humanis, hoe dieper hulle in mens-wees ingrawe, hoe meer raak hulle oortuig van dat die mens 'n skoonheid kan hê, heeltemal losstaande van God se heiligheid.

En die ware Christen-mens, gestroop van humanisme, broeder en suster, is 'n mens wat hoe dieper ons in mens-wees ingaan, hoe meer raak ons oortuig van juis mooi die teenoorgestelde as die humanis. Ons het 'n diepe oortuiging van hoe verlore ons in onself is, ons besef die swakheid van onself, die sonde in ons, hoe sonde ons lewens inkom, wat dit maak, hoe ons deur die sonde afgetakel word, elke dag voel die Christen-mens in homself al hoe meer verswak, met dan die wete van God wat sê – *as jy swak is, dan is ek sterk*. Dan kom die Christen by wat die humanis heeltemal in homself uitlaat en wat die humanis verloor. 'n Gees vervulde lewe en nie 'n mens-vervulde gejaag wat al hoe meer soek na prestasies en rykdom en kuns, maar eintlik so leeg, want God se heiligheid, sy Heilige Gees, is nie daarin nie.

Die mens wil homself probeer optrek hemel toe, dit het hulle al by Babel probeer. Terwyl God vir die Christen sê, jy kan jou nie ophemel nie, Ek, God, kom eerder na jou toe. Christus se koms na die aarde is die bewys hiervan. Daarna God het nog weer na ons afgekom, deur sy Heilige Gees. Hou aan God vas, moet nie jou eie vermoëns jou anker wil maak nie. Wie aan homself en sy vermoëns vashou, gaan vorentoe verloor, weet dit seker en gewis. Daar is stede vol mense, wat so verloor het, hulle wat naby Jesus kon kom.

Soos een prediker dit stel – Ek moet nie die absoluut kosbare heilige band wat ek met God het, op die spel plaas, as gevolg van my liefde vir geld, wat die mooi huis, die mooi skildery, die mooi kar kan betaal nie. Ek moet nie my gewete en God se heilige wette verkrag, sy heilige erediens versaak, sy heilige dag versaak, om vir 'n klomp skoonheid sonder heiligheid te woeker nie.

Om in jou lewe skoonheid te hê, sonder heiligheid, lyk miskien lekker, so vlugvoetig soos 'n wildsbok, vry om te beweeg, te spring, so hoog soos dit wil spring. Uiteindelik is dit maar net 'n gejaag, 'n gespring. In werklikheid is dit alles so vlak, Dan, Naftali se broer se gevaar, was sy skynheiligheid, Naftali die ander broer, is nie eers skynheilig nie, net vlak. Naftali

moet my wil bring om werklike skoonheid te soek, in God se heiligheid. En wees verseker die skoonste werkinge sal deur God se Heilige Gees jou hart inkom, ek sal humanisme in sy totaliteit wil versaak en my toelê op Christus wat van-bokom en op die nuwe dinge wat deur sy Gees ons inkom en wat in stryd staan, met die humanisme wat christenskap kan voorgee, maar eintlik met Christus en met God se heiligheid niks in gemeen het nie.

AMEN